higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

(9020012)

8 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

448Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



[Aangepas uit: *http://studentlife.bresciablog.com/2016/11/16/the-wellness-wheel/*]

1.1.1 Definieer die term *welstand*. (5)

1.1.2 Benoem die illustrasie deur slegs die antwoord langs die letter (A-E) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (5 × 1) (5)

1.1.3 Verduidelik VIER belangrike aspekte rakende gesinswelstand. (4 × 2) (8)

1.2 Cholera is ’n aansteeklike siekte wat deur water versprei word.

1.2.1 Hoe word ’n mens met cholera geïnfekteer? (2)

1.2.2 Gee VYF risikofaktore wat tot die verspreiding van cholera bydra. (5)

1.2.3 Noem VYF tekens of simptome van ’n cholera-infeksie. (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Noem en verduidelik kortliks VIER samelewingsrisikotoestande wat die gesondheid van gemeenskapslede kan beïnvloed. (8)

2.2 Verduidelik hoe sosioëkonomiese faktore die tipe behuising en leefomgewing tot 'n gemeenskap se beskikking bepaal. (4)

2.3 Definieer die term *gemeenskapswelstand*. (3)

2.4 Definieer die term *nie-infektiewe siekte*. (2)

2.5 Noem VYF faktore wat nie-infektiewe siektes veroorsaak en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

2.6 Noem die DRIE vlakke van voorkoming van nie-infektiewe siektes. (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem of die volgende siektes akuut of chronies is deur slegs 'Akuut' of 'Chronies' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Griep

3.1.2 Diabetes

3.1.3 Kanker

3.1.4 Nierversaking

3.1.5 Hartaanval

3.1.6 Hoes

3.1.7 Hoofpyn

3.1.8 Hipertensie

3.1.9 Asma

3.1.10 Longontsteking

(10 × 1) (10)

3.2 Gee DRIE verskille tussen akute siekte en chroniese siekte. (3 + 3) (6)

3.3 Gee die VYF belangrikste doelstellings van openbare gesondheid. (5)

3.4 Definieer die *millennium-ontwikkelingsdoelstellings* (MOD's). (3)

3.5 Noem die SES MOD's. (6)

[30]

VRAAG 4

4.1 Kies ’n term uit KOLOM B wat by ’n beskrywing in KOLOM A pas deur slegs die letter (A-L) langs die nommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Infeksie met meer as een soort organisme op dieselfde tydstip	A	kruisinfeksie
4.1.2	Infeksie wat oorgedra word tussen mense wat met verskillende patogeniese mikroörganismes geïnfekteer is	B	infeksie deur stof versprei
4.1.3	Akute infeksie wat naby die einde van ’n siekte plaasvind en dikwels tot die dood lei	C	gemengde infeksie
4.1.4	Infeksie deur mikroörganismes wat deur water versprei word	D	terminale infeksie
4.1.5	Infeksie met normale, skadelose organismes wat patogenies raak omdat die immuunstelsel gekompromitteer word	E	vektordraende infeksie
4.1.6	Infeksie weens inaseming van respiratoriese patogene	F	waterdraende infeksie
4.1.7	Infeksie deur inaseming van patogene wat aan stofpartikels vaskleef	G	sekondêre infeksie
4.1.8	Infeksie weens mikroörganismes wat deur ’n draer van een gasheer na die volgende oorgedra word	H	piogeniese infeksie
4.1.9	Infeksie weens die reaktivering van organismes wat in ’n dormante brandpunt teenwoordig is	I	opportunistiese infeksie
4.1.10	Infeksie deur ’n patogeen ná ’n infeksie deur ’n patogeen van ’n ander soort	J	druppelinfeksie
		K	eksogene infeksie
		L	endogene infeksie

(10 × 1) (10)

4.2 Lees die scenario's hier onder en beantwoord die vrae.

Scenario 1	Scenario 2
Billy het malaria nadat hy deur 'n muskiet gebyt is.	Mary het onbeskermde seks met haar kêrel en het sifilis opgedoen.

4.2.1 Definieer die term *infeksie*. (2)

4.2.2 Watter scenario is 'n voorbeeld van indirekte infeksietransmissie? (1 + 2) (3)

4.2.3 Noem DRIE tekens of simptome van malaria. (3)

4.2.4 Teken die infeksieketting, deur scenario 1 (Billy) as voorbeeld te gebruik. (6 × 2) (12)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Obesiteit, soos MIV en tuberkulose, neem wêreldwyd epidemiese afmetings aan. Meer as een miljard volwassenes is oorgewig en minstens 300 miljoen van hulle is klinies vetsugtig. Obesiteit is 'n belangrike bydraer tot diabetes, hartsiekte, beroerte, hipertensie, en so meer.

[Aangepas uit: *https://www.mountelizabeth.com.sg/healthplus/article/the-relationship-between-obesity-diabetes-and-the-heart*]

5.1.1 Identifiseer TWEE *nie-infektiewe* siektes, behalwe obesiteit, uit die uittreksel. (2)

5.1.2 Definieer die term *obesiteit*. (3)

5.1.3 Waarvoor word die liggaamsmassa-indeks (LMI) gebruik? (2)

5.1.4 Noem SES tekens of simptome van obesiteit. (6)

5.1.5 Gee DRIE oorsake van obesiteit onder kinders. (3)

5.1.6 Ontwerp 'n plan vir die hantering van die obesiteit-epidemie. (5)

5.2 Onderskei tussen *tipe 1, tipe 2* en *gestasiediabetes*. (3 × 3) (9)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou